Poortbode: Sondag 22 Maart 2020

Prediker: Ds. Johan de Wet

Teks: Daniël 1: 8 - 17 Tema: Vreemde Tye...

U het reeds 'n e-pos, waarin al die reëlings tot en met 14 April rakende ons gemeente-aktiwiteite, ontvang. Dankie vir elke lidmaat se kosbare samewerking. Ons gee egter die enkele aktiwiteite, wat voortgaan, hiermee aan u deur.

1. **Danville-kospakkies:** Aflewering vind op Vrydag 3 April plaas en ons vra dat bestanddele reeds teen Woensdag 1 April in die konsistorie afgelewer sal wees, asseblief. Indien u 'n kontantbydrae wil maak, kan u 'n EFT-betaling maak na: **NG Kerk Hartbeespoort, ABSA, Rekeningnommer: 0640 580 364 Takkode: 334 -146 en verwysing: Danville-projek.**

   Dankie dat ons steeds in hierdie uiterste, moeilike tye uit ons oorvloed vir hulle, wat soveel minder voorregte as ons het, kan voorsien. Ons waardeer elke lidmaat se betrokkenheid.

2. **Gebedsversoeke:**

- Daan en Annatjie Louw met hulle spesifieke omstandighede.
- Gerrit van Dalen: hy het 'n vier dubbele hartomleiding ondergaan. Die operasie was suksesvol en hy sterk tuis aan.
- Ria Fourie wat steeds behandeling ondergaan en die newe-effekte wat daarmee gepaard gaan moet hanteer.
- Die Covid-19 virus: ons kom in diepe afhanklikheid na ons Here toe en bid dat Hy ons land en sy mense in sy Vaderarms sal toevou en elke landsburger sal beskerm. Ons bid ook dat ons in hierdie tyd in besonder selfondersoek sal doen oor ons verhouding met God en waar ons op die oomblik in ons geestelike lewe staan en dat ons dit wat skeiding maak tussen ons en ons Skepper, opreg sal bely.

3. **Heilsmuur:**

   In hierdie tyd, meer as ooit, moet en het ons ook meer tyd om ons voor God te verootmoedig. Gebruik gerus dié riglyne om u kuiertyd by God in te rig.

Wag op die Here. (Hy gee nuwe krag) Jesaja 40:30-31.

- Vers. 30. Selfs jongmemense word moeg en raak afgemat. Vers 31: "... maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en word nie afgemat nie.
- Soms dryf jou moegheid jou om te wil slaap. Dit gebeur ook met jongmense, so ook met gelowiges; maar God kom en gee jou nuwe krag, 'n nuwe visie. Hy verander ons moeë arms in arendsvlerke sodat ons hoog bokant ons probleme en moegheid kan uitstyg.
- God se krag, help ons om ons take met nuwe ywer en verwagting aan te pak, sodat ons die wedloop met trots kan voleindig.
- Liewe Heer laat U Gees deur ons vloei, so ook deur ons familie en vriende. Om Jesus ontwil. Amen!

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die "zapper-app" op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.